

Die Groot Waarheid wat alles oorbrug

Johannes skryf hierdie brief aan 'n plaaslike gemeente wat hy die “uitverkore vrou en haar kinders” noem. Hierdie aanspreekvorm wys dat hy met sagte, begripvolle oë na die gemeente kyk. Homself noem hy “oudste” wat – hoewel dit op die ouderlingamp dui – in die laat eerste eeu 'n ere- en liefdesnaam was vir die apostels. Dan pas hy die eenvoudige “formule-groet” so aan dat die kern van sy boodskap, naamlik die waarheid, duidelik uitstaan.

Ek het julle waarlik lief en so ook almal wat die waarheid ken. Hy beskou hulle as broers en susters in die waarheid. Een van die kenmerke van die vroeëre gemeentes was die innige band wat tussen gemeentes onderling maar ook met hulle leraars bestaan het. Hulle het maklik hulle liefde aan mekaar verklaar. Hierdie liefde moet egter nie verwar word met 'n emosie gebou bloot op mense wat van mekaar hou of wat gemeenskaplike belange het nie. Dit is liefde vir mekaar deur en in Christus. Geloof in Christus bring mense na mekaar toe. In Christus word skeiding tussen mense afgebreek. Dit oorbrug afstand en dit oorbrug alle menings en opinie verskille wat nie in stryd met dié waarheid is nie.

En wat is die Groot waarheid? Dit kom na ons in die belydenis: *dat Jesus die Christus is wat mens geword het (7)*, en dis die Blye Evangelie van Christus se geboorte, lyding, dood en opstanding. Dit is die waarheid waarvoor ons eie belange moet prysgee, dit is die waarheid waarvoor ons mense van harte as broer en suster moet liefhê. Dit is die waarheid wat ons oproep om onself prys te gee en met mening eensgesindheid te soek. As ons met hierdie waarheid inmeng – dit verskraal of dit uitbrei – is ons nie gehoorsaam aan God nie.

As Johannes hierdie kort briefie afsluit, dan hoor ons sy versugting: Hy wil so graag by sy broers en susters wees. Persoonlik met hulle praat, en hierdie samesyn sal hulle blydschap volkome maak. Hoe heerlik sal dit wees as gelowiges hulle vreugde in mekaar vind. Natuurlik is hierdie volkome vreugde nie hemelse vreugde nie, maar sekerlik die beste waartoe ons hier op aarde in staat is.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3